LAERSKOOL M. L. FICK

Dokumentasie aangeheg

1. Belangrike inligting vir voornemende Graad 1's 2024
2. Benodigdhedelys vir Januarie 2024
3. Advertensie
4. Inskrywingsvorm
5. Vrywaringsvorm

BELANGRIKE INLIGTING VOORNEMENDE GRAAD 1 LEERLINGE 2024

1. **Die skool open Woensdag, 17 Januarie 2024.**
2. Die Graad 1's kom reeds die dag voor die skool begin, **Dinsdag, 16 Januarie 2024** skool toe vanaf 10:00 – 11:00.
3. Die leerlinge meld aan by die hoofhek.
4. Ouers gaan na die nuwe saal.
5. **Drag: Emmiedrag**

U benodig die volgende dokumentasie om u kind in te skryf:

- ✓ Kliniekkaart
- ✓ Nuutste vorderingsverslag van die Kleuterskool (Afrikaanse Kleuterskool)
- ✓ Identiteitsdokument van pappa en mamma
- ✓ Geboortesertifikaat van die kind
- ✓ Bewys van woonadres

Ons bied individuele en kwaliteit onderrig by Laerskool M.L. Fick.
Ons klasse het 'n maksimum van 28 leerlinge en daarom vind daar intensiewe interaksie plaas.

1. Skryf so gou as moontlik u kind in.

Onderriggelde sal aan ouers gekommunikeer word sodra die Beheerliggaam en ouers die begroting vir 2024 goedgekeur het. U moet asseblief so spoedig moontlik u kind inskryf.

Vir enige algemene navrae kan u vir Ruandie Minny by die Administratiewe Kantoor skakel by 018 297 5003 of 'n epos stuur na mlfickinfo@mweb.co.za

Vir bemarkings navrae kan u vir Jürgen Schreck skakel by 071 378 0203.

Vir alle finansiële navrae kan u vir Petra le Roux skakel by 018 297 5003 of 'n epos stuur na mlfick@mweb.co.za

Inskrywings is onderhewig aan goedkeuring.

2. Skryfbehoeftes

'n Volledige skryfbehoeftepakket is by die skool se winkel, **Die Fickie** te koop. Ons doen 'n beroep op u as ouer om nie self skryfbehoeftes aan te koop nie. Kwaliteit is vir ons belangrik en alle kinders werk dan met presies dieselfde skryfbehoeftes. Dit sal voldoende wees vir die jaar.

Onthou: U kind se volledige skryfbehoeftepakket word ingeneem deur die klasjuffrou en word deur die jaar uitgedeel soos benodig.

Alle skryfbehoeftes is in die pakket ingesluit.

Die pakket sluit ook in:

1. **Klankboek 1 en 2.**
2. **Ster Wiskunde werkboek.**
3. **Afrikaanse klanklêer.**
4. **Wiskunde natreklêer.**
5. **Boekoortreksels**.

3. Skoolklere en tasse

1. Alle skoolklere, sweetpakke, sportklere en die **korrekte skooltas** word by **Die Fickie** klerewinkel verkoop.
2. Die rugsaktas is spesiaal so ontwerp dat die huiswerksak, boeke en kosblik gerieflik daarin sal pas.
3. **GEEN CADDYTASSE of GROOT RUGSAKKE word in Graad 1 toegelaat nie.**
4. **Die Fickie: 018 782 8016, Weeksdae 07:00 – 14:00.**

4. Algemene inligting

1. Eerstedag foto's word gedurende die eerste week geneem.
2. Besoek gerus ons skool se webtuiste www.mlfick.co.za en Facebook blad.
3. Alle inligting word gereeld op die skool se "WhatsApp community" groep en in die nuusbrief geplaas.
4. "Youngsters in action" word aangebied en is ingesluit by die toelatingsfooi. Setswana word ook aangebied aan leerders.
5. Buitemuurse aktiwiteite vir Graad 1's is rugby, netbal, skaak, koor, mini–krieket en atletiek.
6. **Merk asseblief** u kind se skoolklere, kosblik en tas baie duidelik.
7. U kind kom in die somer kaalvoet skool toe en in die winter met tekkies en wit kouse/Emmie kouse.
8. U kind ontvang die eerste dag 'n gelamineerde naamkaart volgens die klas se kleur waar hy/sy ingedeel is en dit word dan ook vir die Atletiek gebruik.

5. Emmie musieksentrum

Die Emmie Musieksentrum is 'n reuse projek van Laerskool M.L.Fick, waarop ons baie trots is. Hier kan leerlinge hulself na-uurs uitleef in professionele musieklesse.

Ons het tans 32 ingeskrewe leerlinge van gr 1 tot gr 7. Lesse word aangebied in **klavier** en **kitaar**. Lesse word nie slegs vir leerlinge van M.L.Fick aangebied nie, maar enige leerlinge van ander skole in Potchefstroom word ook geakkommodeer.

- **Klavierlesse** word aangebied deur **mej. Annabel Marais**. Sy is hoogs bekwaam en tans besig met PHD-studies in musiek aan die NWU. Sy is ook 'n kranige tjello-speler en is deel van die NWU simfonie-orkes. Onder haar bekwame leiding het daar vanjaar van haar klavierleerlinge deelgeneem aan Gimmies se Eisteddfod en hulle is net met goue sertifikate beloon.
- **Kitaarlesse** word aangebied deur **mev. Alida Serfontein**. Sy is 'n ewe bekwame onderwyseres wat al baie jare suksesse met kitaar behaal. Haar kitaarleerlinge het ook in 2022 as 'n groep opgetree in ons skoolkonsert.
- **Fooie** beloop tans:
  R400 per maand vir 10 maande, individuele lesse
  R300 per maand vir 10 maande, groepklasse (net kitaar)
- **Kontakbesonderhede**: **Mev. Paula Aucamp 0825553760** (bestuurderes)

6. Naskoolsentrum

1. Die skool beskik oor 'n uitstekende Naskoolsentrum wat deur opgeleide personeel behartig word.
2. Inksrywingsvorms met die nodige inligting is by die Kantoor beskikbaar. Vir alle Naskoolsentrum navrae kan u vir Jo-Anne van Rooyen skakel by 018 297 5003 of 'n epos stuur na mlfick1@mweb.co.za
3. Naskooltye: 13:15 – 17:15
4. Die naskool het hulle eie skryfbehoefte pakket.

7. Benodigdhedelys Graad 1's 2024

Graad 1
Benodigdhedelys 2024

Benodigdhede	Aantal
Rugsaktas by Die Fickie Klerewinkel	
Sneesdoekies	1
Vloeibare handewasseep	2
Springtou	1
'n Groot bal	1
Legkaart (60 stuk)	1
Inkleurboek	1
Inkleurboek (verbind die kolletjies of syfers)	1
Ziplogsakkies (A4)	20 sakkies
Ziplogsakkies (klein/small)	1 pakkie
Groot pak fizzers, suigstokkies of lekkergoed	1
Pleisters	1 pakkie
Plastiese wasgoedpennetjies (geen hout)	12

Ons as personeel sien uit daarna om met u en u kind 'n pad te stap in sy/haar opvoedingsproses. Ons vertrou dat u en u kind 'n gelukkige verbintenis met Laerskool M.L. Fick sal hê.
Ons waarborg 'n uitstekende akademiese standaard en maak gebruik van die nuutste onderrigmetodes.

CF Esterhuizen

Me. C.F. Esterhuizen
DH Grondslagfase

Mnr. J.D.H. Deacon
Hoof